

PRO VERITATE

INHOUD/CONTENTS:	
Christendom en nasionalisme	1
"Pray for this people"	1
Editorial/Redaksioneel	3
Meditation	3
Mindolo Consultation	4
Towards a Theology of Church and State	5
"... mag geen mens skei nie"	7
Nasie (volk) en ras	7

CHRISTELIKE MAANDBLAD VIR SUIDELIKE AFRIKA
 Jaargang III; Nr. 2. Intekengeld R2 Subscription
 By die Hoofskantoor as Nuusblad geregistreer.

CHRISTIAN MONTHLY FOR SOUTHERN AFRICA
 Junie 15 June 1964 Volume III; No. 2.
 Registered at the Post Office as a Newspaper.

CHRISTENDOM EN NASIONALISME

DR. J. P. FEDDEMA

DIE CHRISTENDOM kon nooit heeltemal verloën dat dit uit die Jodedom voortgespruit het, wat die abstrakte begrip „mensheid” nie geken het nie, maar alleen gewet het van die onderskeiding „Volk van God” en die heidense volke, wat aangedui geword het as „gojim” of in Latyn „nationes”. Die Jode het egter ook gemerk dat die volksengele of die volksgenii, soos die Romeine dit genoem het, die neiging het om die nasies van God weg te lei. (Dan. 10 : 20, 21).

'n Mens kan so gemaklik geheel-en-al opgaan in die eie volksiel of die betreffende volksgees tot so 'n mate verabsoluteer, dat die diens aan God slegs lippe diens word.

Die ou Christelike kerk het egter, in teenstelling tot die Jodedom, geglo dat die volksengele deur die kruisdood van Christus geheel-en-al oorwin is en derhalwe so gou moontlik moes verdwyn (Rom. 8 : 38; Kol. 2 : 15).

Die eerste Christengemeente, hoe kleurryk hulle ook saamgestel was, het dan ook geen rassebewustheid en nasionalisme geken nie.

In die Middeleeue, toe mense hulle alleen met 'n bepaalde vors of heer verbind gevoel het, was die begrip „nasie” ewemin bekend.

Die Karolingiese en die Duitse Keiserryk het lank in die veronderstelling geleef dat hulle 'n Christelike erfgenaam van die Romeinse Ryk was, min of meer, as gevolg van 'n verkeerde interpretasie van Daniel 2 : 44, in die gestalte van die „Koninkryk van God” op aarde.

Hoe dit ook mag wees, Frankryk en Engeland het vir die eerste keer as nasie vaste vorm in die 14e—15e eeu gekry, Holland in die 16e—17e eeu en die Italiaanse, Belgiese, Duitse en ook die Afrikaanse nasie eers in die 19e eeu.

Verskillende faktore het tot die eenheid van die nasie gelei: in Frankryk en Engeland deur 'n sterk koningskap, nadat dit die teenwerkende, d.w.s. desentraliserende, kragte oorwin het; in Nederland deur die vryheidstryd teen die Spaanse dwingelandy en geloofsvervolging; in België deur die eeue-lange oorheersing vanuit Spanje en Oostenryk en 'n vyftienjarige samevoeging by Nederland met sy diskriminasiepolitiek teenoor die Belge; in Italië deur 'n rewolusie teen die konserwatiewe magte; in Duitsland deur die politiek van die geniale Von Bismarck wat niks ontsien het nie, en onder die Afrikanerdom deur die oorheersing van die Engelse Imperialisme. As 'n mens die genoemde nasies vergelyk, dan is dit opvallend dat die Afrikaner nie 'n afgeronde gebied besit nie, maar sy land met ander moet deel. Die probleem is dat daar wel 'n Afrikaanse nasie gevorm is, maar nog nie 'n Suid-Afrikaanse nasie nie. Ook Nederland het in 'n kleiner vorm so 'n probleem geken met sy groepe soos Friese, Hollanders, Brabanders ens., maar op die lang duur het die bindende kragte oorwin.

Dit blyk tog dat die geskiedenis die volke wat in dieselfde regeringsverband leef — 'n mens dink aan Switserland met sy verskillende taal en rasgroepe (Noordse, Alpiene en Mediteraanse ras) — uiteindelik tot een na-

sie maak. Dit is dan ook die vraag of dit in die verre toekoms ook vir Suid-Afrika nie onvermydelik sal wees nie, waar bowendien die verskillende groepe in die nywerheid, mynweese en landbou, ja selfs in die openbare en huishoudelike dienste, in so 'n groot mate onderling van mekaar afhanklik is.

Om weer op nasionalisme as algemene verskynsel terug te kom, dit het in die 18e eeu begin om sy gevaarlike vorms aan te neem, as gevolg van die sekularisasieproses.

Die kerk en die diens van God het op die agtergrond geraak en mense het hulle derhalwe aan die nasie vasgeklamp as die enigste bolwerk van sekerheid en veiligheid.

Ofskoon nasionalisme dus 'n humanistiese en sekularisasieverskynsel is, het dit egter met name in die protestantse lande hom met die kerk weet te verbind en selfs hier en daar 'n skyn van heiligheid verkry. Die kerk het in die meeste gevalle offisiële staatskerk geword en God van die Vadere is spesiaal aangeroep om die eie nasie die oorwinning te skenk teen ander nasies wat in hierdie omstandig-

hede dieselfde gebede opgestuur het.

In die Calvinistiese lande tref 'n mens nog bowendien as gevolg van die predestinasie-leer die misvatting aan, dat God hulle nasie tot 'n spesiale taak of missie sou uitverkies het.

In Nederland het die mense hulle in die verhouding tot God dikwels as die Israëel van die Ou Testament beskou; die negentiende eeuse uitdrukking „God, Nederland en Oranje” as 'n onverbreekbare band, stel hierdie punt duidelik.

Onder die Afrikaners is 'n selfde parallel getrek: die Groot Trek as bevryding van die Britse heerskappy — in Nederland was dit die Spaanse dwingelandy — word gesien as die exodus uit Egipte, terwyl die nie-blanke stamme herinneringe opgeroep het aan die Kanaäniete, Amoriete, die houthakkers en waterputters, ens.

God het 'n plek in die eie nasionalistiese teorieë en wensdrome gekry, en dit is vergeet dat die Christendom deur die nuwe bedeling kosmopolities geword het (sien o.a. Hand. 10 en Gal. 3 : 28).

Trouens, ook die Ou Testament het getuig van die eenheid van die menslike geslag. Dit is dan ook 'n wanopvatting dat die skeiding van die mensheid in rasse en volke 'n skeppingsordening sou wees. Inteendeel, rasse en volke is slegs deur God toegelate noodordeninge, waar die sonde die oorsaak van hierdie skeiding is.

Waarom moet ons as Christene die „volkseie”, die „volksidentiteit” of die „Volkstum”, so erg beklemtoon of selfs heilig, terwyl ons sondige menslike natuur sonder meer reeds genoeg aanvegtinge in hierdie rigting het?

Dit lyk asof die Romaanse volke van Suid-Europa beter erfgename van die Bybel was as die Germane en Slawe van Sentraal en Noordoos-Europa.

Die Romaanse volke ken naamlik nie soveel onverdraagsame rassebewustheid nie. Die Jodevervolging in Spanje was 'n gevolg van godsdienstige, Rooms-Katolieke misvattinge, maar die Germane en slawe het gedurende die hele geskiedenis Jodevervolgings geken. Groepsegoïsme en onverdraagsaamheid, ook godsdienstige onverdraagsaamheid, is na my mening 'n tydelike verskynsel, veroorsaak deur isolasie en gebrek aan kontak met andersdenkendes.

'n Bekende Duitse joernalis in Suid-Afrika het aan my gesê: „Nederland het altyd baie kontak en kommunikasie met die wêreld gehad deur sy ligging aan die see en deur die besit van sy kolonies, maar die isolasie van Duitsland is myns insiens 'n belangrike oorsaak dat 'n verkeerde ideologie daar 'n kans kon gekry het, terwyl vandag”, het hy vervolgd, „die situasie in Wes-Duitsland, waar nagenoeg almal hulle vakansie buite die grense deurbring, heeltemal anders is”.

Alhoewel ek Nederland beslis nie vry wil pleit nie, stem ek saam met hierdie joernalis, dat isolasie, ook in Suid-Afrika, veral as die geskiedenis-onderwys en radio- en koerantnuus eng nasionaal is, 'n groot gevaar inhou.

Die groot uitdaging van die moderne tyd is of die Christen en dus ook die Germaan, soms met veel selfverloëning, die werklike Christelike houding kan toon om sy medechriste-

* Vervolg op bladsy 2

“PRAY FOR THIS PEOPLE”

THE INTERCESSION OF A PROPHET BY THE REV. P. ALLEN MYRICK

IN TIME OF national uncertainty, when tension is high and the future dark, men often turn to God, beseeching Him to deliver them from trouble. Not only do they themselves pray; they ask others who know the Lord to pray for them. “Pray for us to the Lord our God!” One of the greatest callings of the Christian Church is to act as intercessor for the world in which it lives. In this respect, as in so many other, the Church is the direct descendant of the Old Testament prophets.

In the first article in this series, “Prophets and Politics”, we argued that the primary task of Israel's prophets was to speak God's word of judgment upon a sinful nation and government. The prophet was a political figure, fearlessly proclaiming that a disobedient nation would be punished. At the same time, however, the prophet was the chief intercessor for the nation. He it was who stood in the presence of God and pleaded with Him to spare His people. Thus Moses, who in the North Israelite traditions was considered to be a prophet (cf. Dt. 18 : 15), “besought Yahweh His God” to forgive the apostate nation which had fashioned and worshipped the golden bull (Ex. 32 : 11—14). Samuel, the virtual founder of the prophetic movement, interceded for Israel when her existence was threatened by Philistine

aggression (1 Sam. 7 : 5—11; 12 : 6—25). Elijah and Elisha gained reputations as effective intercessors (1 Ki. 17 : 20—21, 24; 2 Ki. 4 : 32—35). Isaiah was appealed to by the authorities to pray for the nation in a crisis (2 Ki. 19 : 4; Isa. 37 : 4). And Amos begged Yahweh not to destroy tiny Israel (Am. 7 : 2, 5).

Judgment and Intercession

The prophet Jeremiah is the greatest prophetic intercessor in the Old Testament. He who thundered forth some of the most terrible words of judgment in the Bible, also prayed most passionately for the deliverance of His people. Speak he must, the word of doom:

“Give glory to Yahweh your God before He brings darkness, before your feet stumble

on the twilight mountains, and while you look for light He turns it into gloom and makes it deep darkness.” — (Jer. 13 : 16).

Yet in the next breath he can say:

“But if you will not listen, my soul will weep in secret for your pride; my eyes will weep bitterly and run down with tears, because Yahweh's flock has been taken captive.” — (13 : 17).

And in great depression, when the attacks of his enemies drive him to consider abandoning his prophetic task, he reminds God of the faithfulness with which he has done his work:

“Remember how I stood before thee to speak good for them, to turn away thy wrath from them.” — (Jer. 18 : 20).

Indeed, Jeremiah felt that thus to intercede was an essential part of a prophet's work, and those who prophesied but failed to intercede were clearly false prophets (Jer. 27 : 18).

The character of Jeremiah's intercession is perhaps best illustrated in the great “intercessory dialogue” of

* Cont. on page 2

„ . . . MAG GEEN MENS SKEI NIE”

PROFESSOR MONICA WILSON

Deel II

HIERONDER volg ses tipiese verhale van wat Bantoes onder die stelsel van trekarbeid moet verduur. Dit is saamgestel deur die Athlone Advieskantoor, Tighe Place 2, Klipfonteinweg, Hazendal, K.P.

EDWARD T. is 'n seun van 17 jaar. Hy maak daarop aanspraak dat hy in Kaapstad gebore is. Sy vader is jare gelede oorlede en hy is grootgemaak deur 'n vriend in Windermere. Toe die vriend na die Langa-lokasiegebied verhuis het, het Edward saamgegaan, maar hy is nooit geregistreer as daar woonagtig nie. Nadat die vriend na die Transkei verhuis het, het ander vriende vir hom gesorg. Hy het om 'n bewysboekie gaan aansoek doen, maar aangesien niemand van die beamptes van sy bestaan bewys was en daar ook geen bewys was dat hy in Kaapstad gebore is en nog altyd daar gewoon het nie, is dit geweier.

Na talle besoeke aan Langa en die Departement van Bantoesake, wat veel tyd in beslag geneem het en meebring het dat aansienlike afstande gereis moes word, word sy saak nou ondersoek. Die beamptes te Langa is gewillig om sy verhaal te glo, maar hy moet sy aanspraak staaf. 'n Aantal blankes wat hulle ten doel gestel het om die bietjie waartoe hulle in staat is, te doen om Bantoes te help om die tallose probleme wat hulle lewens versuur as gevolg van die huidige wetgewing, op te los, probeer om vorige inwoners van Windermere, wat Edward as 'n kind geken het op te spoor om sy verhaal te staaf. As hierdie verhaal nie met bewyse gesteun kan word nie, volg dan die uitgerekte taak om vas te stel waar, indien érens, hy wettiglik mag woon.

Dit mag wel blyk dat hy een van dié is wat geen aanspraak oorgehou het op 'n plek in die Bantoe-tuislande nie en wat ook nie kan bewys dat hulle die reg het om in die Republiek van Suid-Afrika te woon nie. Terwyl die uitgerekte ondersoek aan die gang is, word hy nie toegelaat om in Kaapstad te werk nie, en vir kos, klere en slaapplek is hy geheel en al afhanklik van die goehartigheid van vriende wat, soos dit met die meeste gaan, nouliks vir bykomstige uitgawes op hulle beperkte begrotings kan voorsiening maak.

FLORENCE T. Florence het binnegekome met 'n baba van ses maande wat na 'n „Belsen"-baba gelyk het en omtrent 8 pond geweeg het. Haar verhaal was treurig. Sy het in 1941 op 14-jarige leeftyd saam met haar moeder in Kaapstad aangekom uit Queens-town, en sedertdien het sy daar gewoon. Haar naam het vir die eerste keer in 1945 voorgekom op die register van Nyanga-Oos. Vir 'n tyd lank het sy 'n huis daar gehad, maar het met die huurgeld agterstallig geraak en in 1961 is sy geregtelik uitgesit. Sedertdien was haar pas nie in orde nie en het sy die wet ontwyk. Sedert 1948 het sy nou en dan saam met 'n man geleef wat by Lynedoch werk, en wat in 1959 volgens inheemse gebruik met haar getroud is. Sy het agt kinders by hom gehad, waarvan vyf oorlede is. Die enigste seuntjie, die genoemde baba, ly aan ondervoeding en appelkoosiekte en het af en toe in die Karl Bremer-hospitaal behandeling ontvang.

Op 23 April is sy gearresteer en daarvan aangekla dat sy onwettig in die gebied was. Toe die landdros egter sien hoe siek die kind was het hy haar weggestuur en haar aangesê om 'n sertifikaat van die Karl Bremer-hospitaal te verkry en hom die Donderdag weer te kom spreek. Woensdag het sy die sertifikaat verkry en op pad na die Departement van Bantoesake is sy gearresteer. Haar man, wat saam met haar was, is ook gearresteer, daarvan aangekla dat hy sy belasting nie betaal het nie en gevonnisd tot een maand gevangenisstraf wat hy in die Roelandstraat-tronk uitgedien het.

Florence is na die beamptes in Nyanga-Oos geneem en 'n tydelike permit is aan haar uitgereik terwyl die saak hangende was.

Danksy hulp van buite, is regsverdediging vir haar gereël toe haar saak voorgekom het. Dieselfde mense wat vir haar regsverdediging gereël het, het haar ook na die babakliniek van die welsynsentrum in Nyanga geneem, waar sy medisyne, glukose en spesiale voedsel vir die baba gekry het, en daarvandaan na die welsynswerkster wat haar aangesê het om die Woensdag terug te kom vir 'n voedselpakket vir haarself en die ander twee kinders.

Tensy dit egter bewys kan word dat Florence daarvoor kwalifiseer om in Nyanga-Oos te woon, en tensy sy 'n bewysboekie kan kry wat sodanig gestempel is, is dit hoogswaarskynlik dat die baba sal sterf, aangesien sy nie wettiglik in diens geneem kan word tensy haar dokumente in orde is nie.

TUNUNI B. is in 1952 by die werk beseer. By sy ontslag uit die hospitaal, het die dokter werkloosheidsversekeringsvorms aan sy werkgewers gestuur. Hy het R17 in 1952 ontvang. Hy is terug na sy vorige werkgewer, maar was nie in staat om sy werk lank te behou nie, aangesien sy beseerde ribbes nooit behoorlik genees het nie. Hy is huis toe en 17 maande daarna het hy teruggekeer nadat hy intussen weer siek was.

Toe is hy aangesê dat hy nie daar kon bly nie, tensy hy 'n werkskontrak van sy vorige werkgewer kon verkry; want hy het sy reg om in die gebied te bly, verbeur omdat hy langer as een jaar weg was. Sy vorige werkgewer kon hom nie terugneem nie. Toe wend hy hom tot die Kommissaris van Bantoesake in Kaapstad om hulp, want hy het honger gely. Deur die beamptes is hy egter meegedeel dat dit te laat was om vergoeding te eis vir sy beserings. Eindelik is 'n spoorweg-vrypas hom aangebied; maar toe hy daarop wys dat sy kinders honger ly en nie 'n spoorwegvrypas kan eet nie, is hy aangesê om by die Black Sash om hulp te gaan aanklop.

WILLIAM K. het as 'n klein seuntjie na Kraaifontein gekom. Sy ouers is geregistreer in die gebied van die Wellingtonse Streekraad. In 1954 het hy in die gebied van die Kaapstadse Streekraad kom werk. Op 26/7/61 is dit bevind dat hy T.B. opgedoen het. Op 7/8/62 is hy toegelaat tot die Westlake-hospitaal en op 23/2/63 is hy ontslaan. Hy is aangesê om hom vir verdere behandeling aan te meld by die Wellingtonse kliniek. 'n Ongeskiktheidstoelaag is aan hom toegestaan, wat hy by die Wellingtonse landdroskantoor gaan ontvang het. Op 23/4/63 het hy hom aangemeld by Nyanga-Oos in die gebied van die Kaapse Streekraad, en is hy aangesê om sy ouerwerk terug te kry. Sy vorige werkgewer het toe gesê dat hy met sy dokter in verbinding sou tree om vas te stel of mnr. K. weer gesond was, maar hy het dit nooit gedoen nie. Op 3/6/63 het William hom aangemeld by Nyanga-Oos, aangesien sy dokter aanbeveel het dat hy geskik was vir werk, maar moes voortgaan om behandeling te ontvang by die kliniek.

By die registrasiekantoor van Nyanga-Oos, is hy gearresteer en daarvan aangekla dat hy onwettiglik in die gebied was. Hy is gevonnisd tot R10 of 30 dae. Sy ouers het nie geweet wat van hom geword het nie, en het belangstellende blankes genader om hom te help opspoor. Toe hy uiteindelik in die Pollsmoor-tronk gevind is,

het sy ouers sy boete betaal en is hy losgelaat.

Dieselfde blankes wat gehelp het om hom op te spoor, het hom toe geneem na die Departement van Bantoesake, waar hy aangesê is om na Wellington terug te keer. Die beamptes in Wellington het egter geweier om aan hom verblyfsvergunning te verleen aangesien hy een myl buite hulle gebied woon. Daarvandaan is hy na die Paarl, waar daar ook geweier is om hom te ontvang. Eindelik het hy die Streekraad van die Paarl getelefoneer om te sê dat hulle baie jammer was oor al die moeite en ongerief, maar dat nuwe inligting ontvang is en dat hulle mnr. K. se „pas" met een maand sou verleng, hangende die ondersoek.

William woon nou tuis by sy ouers, maar die dreiging hang nog steeds oor sy hoof om na 'n ander gebied weggestuur te word.

ANNA M. met in Oktober 1962 na Kaapstad gekom. In 1961 is sy volgens inheemse gebruike getroud en in Mei 1962 volgens die burgerlike seremonie.

Sy was vier keer gearresteer omdat sy onwettiglik in die gebied was. Die eerste 2 keer is sy beboet met R10 en R8. Die derde keer is sy ontslaan. By die vierde geleentheid is regsverdediging vir haar verkry. Nadat haar saak aangehoor is, was die uitspraak van die landdros dat sy wettiglik daarop geregtig was om by haar man te woon, en sy is onskuldig bevind en ontslaan. Hierdie uitspraak is egter alleen verkry nadat Anna baie moei-

likhede, onkoste, spanning en frustrasie te verduur gehad het.

MNR. EN MEV. X. was 'n aange-name jong paartjie, goed opgevoed en beskaaf. Hulle het drie kindertjies gehad, waarvan die jongste slegs 'n paar maande oud was.

Voor haar troue het mev. X. by haar moeder in 'n Bantoe-dorpsgebied, net buite Kaapstad, gewoon. Hoewel die jong eggenoot egter in Kaapstad gewerk het, was hy nie een van dié wat volgens die wet gekwalifiseer het om sy vrou permanent by hom te hê nie, en sy is aangesê om by haar man se vader te gaan woon.

Volgens mnr. X. was sy vader 'n ongeletterde man wat nie die Christelike geloof aangeneem het nie en wat nog op 'n baie primitiewe wyse geleef het. Sy vader en sy vrou het mekaar nog nooit eers ontmoet nie en die deel van die Transkei waar sy vader gewoon het, was vir sy vrou heeltemal onbekend. Mnr. X. het nie geneë gevoel om sy vrou, wat 'n Christin was, goed opgevoed en gewoon aan 'n beskaafde lewenswyse, aan die soort bestaan te onderwerp wat haar lot sou wees as sy weggestuur sou word om by sy vader te gaan woon nie. Terwyl die wet egter is wat dit is en sy vader ook nog gewillig is om mev. X. te ontvang, was sy enigste uitweg om te voorkom dat sy na sy vader gestuur sou word, egskedding; want as hulle geskei was, sou sy vrou weer by haar moeder in Kaapstad kon woon en sou sy nie daaraan onderwerp word om na sy vader „uit-geëndosseer" te word nie.

NASIE (VOLK) EN RAS

PROFESSOR DR. SURJIT SINGH

Deel II

GODS UITVERKORE VOLK EN DIE VEELVOUD VAN NASIES

Die Ou Testament

Dit kan nie betwyfel word dat sowel die Nuwe as die Ou Testament die verskille wat daar tussen die nasies bestaan erken nie. Die Ou Testament bied 'n lys aan van nasies (Gen. 10) selfs vóór die verhaal van die toring van Babel (Gen. 11); die onderliggende veronderstelling van die skrywe moes gewees het dat hierdie verskeidenheid bestaan het selfs vóór die vernietiging van die universele menslike taal.

Die straf wat volg op die bou van die toring het daarin bestaan dat die lede van die verskillende nasies mekaar voortaan nie kon verstaan nie. Dit is nie die verskeidenheid van nasies as sodanig wat die Ou Testament as die gevolg van menslike sonde beskou nie. In elk geval, dit skyn die opvatting te gewees het van diegene wat hierdie ou verhale van die Bybel bewaar het.

Dit stem ook ooreen met Deut. 32 : 8 waar dit gesê word dat „die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het" en „die grense van die volke vasgestel" het. Hier het ons alreeds 'n voorweerspieëling van die standpunt van die profete en veral van Deutero-Jesaja, vir wie Jahweh nie slegs die God van Israel is nie maar ook die Skepper van hemel en aarde (Jesaja 40 : 25 en wat daarop volg); gevolglik sê hulle dat God al die nasies regeer (Jer. 10 : 7). Hulle gode is nietige afgode (Jer. 16 : 19) en die nasies self is instrumente van God se toorn (Hosea 10 : 10).

Die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament word die verskeidenheid van nasies ewe-cens erken. Dis miskien voldoende om behalwe Hand. 14 : 16 wat hierbo aan-

gehaal is, na Hand. 2 : 9 en wat daarop volg te verwys. Hier word 'n lys gegee van die nasies soos hulle aan die skrywer van dié boek bekend was. Dan ook Hand. 17 : 26 en wat daarop volg: God het „uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het". Hier word sowel die bestaande verskeidenheid as die gemeenskaplike oorsprong van al die nasies duidelik gestel. Wat ookal die vertolking wat gegee mag word van Romeine 5 : 12 en wat daarop volg, ook hier word die solidariteit van die mens aangegee as 'n vol-donge feit.

Hierdie veronderstelling speel 'n aansienlike rol in Paulus se prediking soos die Brief aan die Romeine duidelik aandui. Die Jode mag sekere voordele oor die heidene hê, maar in die eerste instansie is hulle albei son-daars. Almal het gesondig en skiet te kort aan die heerlikheid van God. Die werke van die wet kan geenene help nie. Dit is deur geloof in die Here Jesus Christus dat heiden sowel as Jood gered kan word.

En tog staan die Nuwe Testament, net soos die Ou Testament, by die basiese verskil tussen hierdie nasies (die heidene) en Gods uitverkore volk, ofskoon, soos ons gesien het, laasgenoemde nie langer beperk is tot die volk Israel „volgens die vlees" nie. Om dit so skerp as moontlik te stel: die kerk kon nie daarop aanspraak maak om die erfgenaam van Israel van ouds te wees nie, die kerk kon nie verkondig dat Jesus die Messias van Israel en van die nasies was nie, alvorens hy nie eers die verskille wat tussen hulle bestaan, erken het nie. Deur Christus word die sonde oorwin en die muur van vervreemding wat die mens van God en sy medemens skei, vernietig. Dan ontstaan die nuwe

PRO VERITATE

Editorial

"THEOLOGICAL TRAINING IN SOUTHERN AFRICA"

The idea of a systematic written enquiry into theological training at Southern African seminaries was conceived at the first Theological Staff Institute which met at the Forest Sanctuary, Stutterheim, Cape Province, at the beginning of 1963. A committee, under the chairmanship of the Rev. Dr. Peter Beyerhaus and fully representative of the institutions which attended the conference, spent six afternoons discussing the problems and needs related to the training of African ministers. It reported its findings to three plenary sessions of the conference which requested Dr. Beyerhaus to prepare a report on the work of the seminaries.

"Theological Training in Southern Africa" is the report of this investigation and was compiled from the findings of the Stutterheim Committee and the more detailed information received in reply to a questionnaire. (The questionnaire appears in the published report). Although it does not claim to be an exhaustive account of the subject it does bring together previously unrelated methods and insights which determine theological education in Southern African seminaries; and it does give directions and contributes practical suggestions to a field of problems and answers which still demand much study, experience, co-ordination and prayer.

While the investigation did not include a direct study of South African Roman Catholic seminaries, Dr. Beyerhaus went to the trouble of consulting available literature in this field and especially Adelrich Morant's "Die philosophisch-theologische Bildung in den Priesterseminaren Schwarz-Afrikas".

The leitmotif and aim of the report can be given in one word — 'relevance'. This plea for realism and relevance is apparent in the treatment of all twelve sections of the report. The following enumeration of the headings of the different sections is sufficient to indicate that this is no mere academic investigation, but one which is constantly aware of the real-life problems and needs of the seminaries: Entrance Qualifications, The Aim of Theological Education, Syllabus, Relevance of the Syllabus to Africa, Biblical Languages, Teaching Methods, Textbooks, Examinations, Spiritual Education, Theological Study and Church Work, Probation, Students' Wives.

Although this is a report on the problems and needs related to the training of African ministers, its delineation of the problems and its practical suggestions for finding a solution to them: applies mutatis mutandis to the theological education of European ministers as well. It is not too much to say that Dr. Beyerhaus has produced a report which cannot be ignored by anyone concerned with theological education, and which, if it receives the careful study and attention it deserves, can breathe new life into the work of our seminaries.

Copies may be obtained from the Honorary Secretary, S.A. Advisory Committee for Theological Institutes, c/o. P.O. Box 97, Johannesburg. The price is 30 cents per copy (including postage). Cheques and Postal Orders are payable to the S.A. Advisory Committee for Theological Courses. (Bank Commission must please be added to country cheques).

Inleidingsartikel

MINDOLO

Elders in hierdie uitgawe verskyn die persverklaring van die samespreking van Christene te Mindolo wat plaasgevind het vanaf 25 April tot 3 Junie waar besondere aandag gegee is aan die rasse-situasie in Suidelike Afrika. Behalwe vir uittreksels uit die persverslag en enkele berigte in dagblaaie was daar tot dusver geen openbare bespreking oor die bevindinge van die Konferensie nie. Enige sodanige bespreking sal alleen met vrug kan geskied nadat die volledige verslag beskikbaar gestel is — hopelik oor twee of drie maande.

Dis jammer dat die hoofklem in sommige verslae in die daggapers op die toelaatbaarheid al dan nie van geweld as metode van weerstand geval het omdat hierdie saak slegs 'n klein onderdeel gevorm het van die geheel en omdat dit uit die persverklaring blyk dat daar beslis geen eenstemmigheid hieroor bestaan het nie. Dit neem egter niks weg van die eenparige indruk van al die deelnemers dat hierdie byeenkoms van besondere betekenis was veral om twee redes: Eerstens omdat dit aan almal teenwoordig 'n omvattende beeld gegee het van die rasse-situasie in verskillende dele van Suidelike Afrika en tweedens omdat dit deur die eerlike selfondersoek ook die swakheid en skuld van die kerk aan die lig gebring het. Hoewel hierdie skuld eerstens aangedui is as die skuld van stilswye wil ons sonder vrees van teëspraak 'n ander vorm van skuld byvoeg: dié van dubbelslagtigheid. Wat Suid-

MEDITATION

ROB TU MO BHOILE, A COMDI CRIDE

1. *Be Thou my Vision, O Lord of my heart;
Naught be all else to me, save that Thou art —
Thou my best thought, by day or by night,
Waking or sleeping, Thy presence my light.*
2. *Be Thou my Wisdom, Thou my true Word;
I ever with Thee, Thou with me, Lord;
Thou my great Father, I Thy true son;
Thou in me dwelling, and I with Thee one.*
3. *Be Thou my battle-shield, sword for the fight,
Be Thou my dignity, Thou my delight.
Thou my soul's shelter, Thou my high tower:
Raise Thou me heavenward, O Power of my power.*
4. *Riches I heed not, nor man's empty praise,
Thou mine inheritance, now and always:
Thou and Thou only, first in my heart,
High King of heaven, my treasure Thou art.*
5. *High King of heaven, after victory won,
May I reach heaven's joys, O bright heaven's Sun!
Heart of my own heart, whatever befall,
Still be my Vision, O Ruler of all.*

Amen.

*Ancient Irish, tr. by Mary Elizabeth Byrne,
1880—1931; versified by Eleanor Henrietta
Hull, 1860—1935.*

VRYSSTAATSE N.G. SINODE OOR „PRO VERITATE“ EN CHRISTELIKE INSTITUUT

Dié vergadering het hom baie sterk uitgespreek teen die onafhanklike blad *Pro Veritate* en wel om die volgende redes: Ten eerste, omdat dit die rasse- en kerklike eenheid eensydig oorbeklemtoon asof die wese van die kerk daarmee gemoed is en asof dit 'n merkteken of die enigste eenskap van die ware kerk is en asof dié standpunt die absolute waarheid is; ten tweede, omdat dit die tekens toon van indifferentisme ten opsigte van kerklike beleid en belydenis, aangesien dit interkerklik op neutrale vlak saamsprek sonder om beleids- en belydenisverskille in ag te neem; ten derde, omdat dit op hierdie wyse besluite van ons kerk ten opsigte van sending- en rasseverhoudinge onder verdenking plaas en gevolglik verwarring en onenigheid in die kerk verwek. Vanweë hierdie spanningne wat deur

Pro Veritate veroorsaak word, versock die sinode sy ampsdraers en lidmate om hulle van die blad te distansieer, deur nie daarin te skrywe of die standpunt van die blad te help bevorder nie. Die sinode het dit ook aan sy verteenwoordigers in die Kuratorium van ons teologiese opleidingsentra in Stellenbosch en Pretoria opgedra om hierdie standpunt van ons kerk aan genoemde inrigtings sterk te stel.

Op voetspoor van 'n besluit van die Breë Moderatuur van die Algemene Sinode is ook die stigting en bestaan van die Christelike Instituut van Suider-Afrika eenparig veroordeel en afgekeur, omdat sy optrede lei tot die bestryding van die rasse- en ekumeniese standpunt van ons kerk, omdat dit op die terrein van die kerk oortree en verwarring skep, en omdat die kerk reeds die nodige liggame en kanale vir konsultasie en samewerking met ons dogterkerke geskep het.

* „Die Kerkbode“ — 27 Mei 1964: Uittreksel uit artikel van ds. D. J. Malan: „Hoogtepunte van die Vrystaatse Sinode“.

Afrika betref, moet die Afrikaanse kerke, as hulle eerlik wil wees, erken dat hulle huidige skuld op die gebied van rasseverhoudinge dié is van stilswye oor baie vorms van onreg wat geen christen in die lig van Gods Woord mag. 'n rein gewete kan goedkeur of verdedig nie — 'n stilswye wat óf van instemming getuig, óf van ontwyking om profeties te spreek teenoor owerheid en volk. Wat die kerke betref wat ons Engelssprekendes bedien, is daar ewe swaar skuld — die skuld van besluite en beleide wat voorgee om in woord die boodskap van geregtigheid te vertolk terwyl in die daad van die kerklike praktyk dit óf verloën óf so verwater is dat dit geen wesenlike uitdaging vir die rassevooroordele van duisende lidmate gebied het nie.

Oor die feit dat die kerk 'n baie belangrike en verantwoordelike taak in die situasie het, val daar nie te twyfel nie. Die vraag

is nie eerstens of Christene en kerkgenootskappe in Suid-Afrika saamstem met die bevindinge van Mindolo nie — ook daar was daar diepgaande verskil van mening oor sommige sake. Die vraag is of ons die erns van die situasie in Suid-Afrika genoegsaam besef om te kom tot openhartige en uitgebreide samesprekinge tussen Christene van verskillende kerke en kleure. Dis reeds laat — baie laat, en die toestand is ernstig — baie ernstig. Die verlies vir die Christendom is reeds onberekenbaar groot — maar in Sy genade gee God ons nog 'n kans. God volbring die taak van sy Koninkryk óf deur ons gehoorsaamheid — óf ongeag ons ongehoorsaamheid. Die geskiedenis en die wêreld sal oordeel of die kerk gehoorsaam het. Maar wees ons as dit eendag mag blyk dat die oordeel van die wêreld in werklikheid die oordeel van God was wat Hy deur die wêreld uitgespreek het oor 'n ongehoorsame volk van God.

Introduction

The relations between races are a basic human problem facing mankind today and are a matter of burning international concern. While recognising that Southern Africa has no monopoly of racial and other tensions, the Consultation considered that the particular circumstances of this area, the unique nature of the problems of South Africa demanded a particular understanding. It endorsed the need for an ecumenical approach as an expression of the unity of the Church of Christ and of international Christian concern over a situation which challenges the Christian conscience and for which the Church has as yet found no solution.

Failure to look at life as a whole and acceptance of apparent limitations to action had rendered the Church guilty of failure in fulfilling its reconciling mission. It has been guilty of the sin of silence, lack of identification with the suffering and oppressed, unwillingness to be involved, and lack of real fellowship in Christ.

The Consultation believed that once this is confessedly realised, there are still many unexploited avenues of witness, service and reconciliation open to Christians, and it called particularly on the individual lay Christian to assume his responsibility in these and other respects.

It was essential that the foundations of an equitable society should be laid down now and that the Church be prepared, laymen and clergy alike, to understand the situation and prepare for the future with effective Christian action and fortitude.

The present position

The Consultation then proceeded to analyse various aspects of the situation, the economic, the political, the social, and the position of the Church in relation to these.

Economic

While recognising the differences to be found between the various countries discussed, the Consultation came to the conclusion that the following general pattern obtained.

Economic power rests almost entirely in the hands of the White man and this has given rise to an economy with a double standard which overwhelmingly favours the White man.

MINDOLO CONSULTATION

"CHRISTIAN PRACTICE AND DESIRABLE ACTION IN SOCIAL CHANGE AND RACE RELATION"

In all cases there is a great disparity in wage levels and occupational status and the burden of poverty and distress rests on the Non-Whites who, because of lack of education, capital and credit, have not been able to participate to any notable extent in business enterprise. This economic duality is painfully reflected in the educational systems where there is a similar disparity in the financial provisions made for the various races and where facilities for vocational and technical, secondary and university education are totally inadequate.

We fail to take racialism sufficiently seriously. The white Nationalist party in South Africa has taken it seriously but come to the wrong conclusions about it. We are not likely to come to the right conclusions about how to deal with it in Society unless we take it more seriously. It is not enough to show that racialism is irrational and unloving.

Racialism is a deep-seated corruption of collective man and it is not confined to white people. It is an expression of group egotism and a solidarity in sinful prejudice. Because of its corporate nature it is very difficult for individuals to resist. This problem brings one sharply against the moral limitations of collective man. Racialism is a kind of idolatry. It attaches particular culture values to its own racial type and considers these more important than a common humanity under God. Like most evils racial intolerance grows out of the corruption of a good, namely, the love of one's own cultural heritage and this is one reason why it is so difficult to deal with. Because it is idolatry it will not disappear with education. It needs to be brought under God's Judgment and we must seek forgiveness for our bigotry. It is repentance more than enlightenment that is needed.

The problem of racial and other group loyalties will always be with us. There is no complete social solution to it. We need, therefore, to erect social bulwarks against this evil instead of legalizing our prejudices in apartheid legislation. We should as far as possible protect men by law from the worst effects and the disadvantages of group prejudices, frankly recognizing the ways in which evil perverts collective Man.

I have tried to indicate the basis on which a Christian should make ethical judgments. It remains to answer the question: When citizens have done all they can to create a more just society but are prevented from doing so by an unscrupulous or unjust use of power, is it permissible to resort to force of arms?

It is clear that the Church cannot ever exercise coercive power. She is called to preach and to listen to the Gospel, to offer the world to God to be sanctified by Him, and to pray and to love and to suffer. She cannot take direct political action, as a party or pressure group. She cannot embrace a political cause simply as God's cause and call for a crusade.

"My Kingdom is not of this world. If my Kingdom were of this world, then would my servants fight, that I should not be delivered to the Jews" (John 18 : 36). It is in fact God's cause to bring to Christ both those who enact and enforce unjust laws and also those who suffer from them. He died for the authors of injustice (is this not perhaps all of us?) as well as for the champions of Justice.

This does not prevent the Church from speaking when and how God wills in order to guide rulers into more humane forms of Government. Moreover, the Church cannot be neutral where men suffer the consequences of injustice. The compassion of her Lord will drive her to do all she can to bind up and heal any who suffer cruelties and indignities of strong men, whoever these may be. But to do more than this would be to obscure the truth and the unconditional perfection of the Kingdom which she serves; it would impair her witness to the unconditional and absolute. The Christian citizen, on the other hand, must be left to give his own answer to this question as he submits his hopes and ambitions to the cleansing and guidance of God's Holy Spirit.

** This article is the substance of a presidential address delivered at the second national Faith in Action conference in Grahamstown, May, 1963. We wish to thank Faith in Action for permission to reprint this article here.*

PRO VERITATE

Verskyn die 15de van elke maand.

Korrespondensie en Administrasie:
Alle briewe vir die redaksie en die administrasie aan:
Posbus 487, Johannesburg.

Redaksie:

Dij. E. E. Mahabane,
R. Orr,
Prof., dr. A. van Selms en
ds. J. W. Wessels.

Eindredakteur:

Ds. C. F. B. Naudé.

Intekengeld:

Republiek van Suid-Afrika,
S.W.A., die Rhodesië en Pro-
tektorate: R2 per jaar vooruitbe-
taalbaar.
Oorsee: R2.50 per jaar vooruitbe-
taalbaar.
Tjeks en posorders moet uitgemaak
word aan „Pro Veritate" (Edms.) Be-
perk, Posbus 487, Johannesburg.
Gedruk deur die Potchefstroom Herald
(Edms.) Bpk., Oßnlaan 11, Potchef-
stroom.

„ . . . MAG GEEN MENS SKEI NIE”

PROFESSOR MONICA WILSON

Deel II

HIERONDER volg ses tipiese verhale van wat Bantoes onder die stelsel van trekarbeid moet verduur. Dit is saamgestel deur die Athlone Advieskantoor, Tigne Place 2, Klipfonteinweg, Hazendal, K.P.

EDWARD T. is 'n seun van 17 jaar. Hy maak daarop aanspraak dat hy in Kaapstad gebore is. Sy vader is jare gelede oorlede en hy is grootgemaak deur 'n vriend in Windermere. Toe die vriend na die Langa-lokasiegebied verhuis het, het Edward saamgegaan, maar hy is nooit geregistreer as daar woonagtig nie. Nadat die vriend na die Transkei verhuis het, het ander vriende vir hom gesorg. Hy het om 'n bewysboekie gaan aansoek doen, maar aangesien niemand van die beamptes van sy bestaan bewys was en daar ook geen bewys was dat hy in Kaapstad gebore is en nog altyd daar gewoon het nie, is dit geweier.

Na talle besoeke aan Langa en die Departement van Bantoesake, wat veel tyd in beslag geneem het en meebring het dat aansienlike afstande gereis moes word, word sy saak nou ondersoek. Die beamptes te Langa is gewillig om sy verhaal te glo, maar hy moet sy aanspraak staaf. 'n Aantal blankes wat hulle ten doel gestel het om die bietjie waartoe hulle in staat is, te doen om Bantoes te help om die tallose probleme wat hulle lewens versuur as gevolg van die huidige wetgewing, op te los, probeer om vorige inwoners van Windermere, wat Edward as 'n kind geken het op te spoor om sy verhaal te staaf. As hierdie verhaal nie met bewyse gesteun kan word nie, volg dan die uitgerekte taak om vas te stel waar, indien érens, hy wettiglik mag woon.

Dit mag wel blyk dat hy een van dié is wat geen aanspraak oorgehou het op 'n plek in die Bantoe-tuislande nie en wat ook nie kan bewys dat hulle die reg het om in die Republiek van Suid-Afrika te woon nie. Terwyl die uitgerekte ondersoek aan die gang is, word hy nie toegelaat om in Kaapstad te werk nie, en vir kos, kleren en slaapplek is hy geheel en al afhanklik van die goeiehartigheid van vriende wat, soos dit met die meeste gaan, nouliks vir bykomstige uitgawes op hulle beperkte begrotings kan voorsiening maak.

FLORENCE T. Florence het binnegekome met 'n baba van ses maande wat na 'n „Belsen"-baba gelyk het en omtrent 8 pond geweeg het. Haar verhaal was treurig. Sy het in 1941 op 14-jarige leeftyd saam met haar moeder in Kaapstad aangekom uit Queens-town, en sedertdien het sy daar gewoon. Haar naam het vir die eerste keer in 1945 voorgekom op die register van Nyanga-Oos. Vir 'n tyd lank het sy 'n huis daar gehad, maar het met die huurgeld agterstallig geraak en in 1961 is sy gereglik uitgesit. Sedertdien was haar pas nie in orde nie en het sy die wet ontwyk. Sedert 1948 het sy nou en dan saam met 'n man geleef wat by Lynedoch werk, en wat in 1959 volgens inheemse gebruik met haar getroud is. Sy het agt kinders by hom gehad, waarvan vyf oorlede is. Die enigste seuntjie, die genoemde baba, ly aan ondervoeding en appelkoossiekte en het af en toe in die Karl Bremer-hospitaal behandeling ontvang.

Op 23 April is sy gearrester en daarvan aangekla dat sy onwettig in die gebied was. Toe die landdros egter sien hoe siek die kind was het hy haar weggestuur en haar aangesê om 'n sertifikaat van die Karl Bremer-hospitaal te verkry en hom die Donderdag weer te kom spreek. Woensdag het sy die sertifikaat verkry en op pad na die Departement van Bantoesake is sy gearrester. Haar man, wat saam met haar was, is ook gearrester, daarvan aangekla dat hy sy belasting nie betaal het nie en gevonnisd tot een maand gevangenisstraf wat hy in die Roelandstraat-tronk uitgedien het.

Florence is na die beamptes in Nyanga-Oos geneem en 'n tydelike permit is aan haar uitgereik terwyl die saak hangende was.

Danksy hulp van buite, is regsverdediging vir haar gereël toe haar saak voorgekom het. Dieselfde mense wat vir haar regsverdediging gereël het, het haar ook na die babakliniek van die welsynsentrum in Nyanga geneem, waar sy medisyne, glukose en spesiale voedsel vir die baba gekry het, en daarvandaan na die welsynswerkster wat haar aangesê het om die Woensdag terug te kom vir 'n voedselpakket vir haarself en die ander twee kinders.

Tensy dit egter bewys kan word dat Florence daarvoor kwalifiseer om in Nyanga-Oos te woon, en tensy sy 'n bewysboekie kan kry wat sodanig gestempel is, is dit hoogswaarskynlik dat die baba sal sterf, aangesien sy nie wettiglik in diens geneem kan word tensy haar dokumente in orde is nie.

TUNUNI B. is in 1952 by die werk beseer. By sy ontslag uit die hospitaal, het die dokter werkloosheidsversekeringsvorms aan sy werkgewers gestuur. Hy het R17 in 1952 ontvang. Hy is terug na sy vorige werkgewer, maar was nie in staat om sy werk lank te behou nie, aangesien sy beseerde ribbes nooit behoorlik genees het nie. Hy is huis toe en 17 maande daarna het hy teruggekeer nadat hy intussen weer siek was.

Toe is hy aangesê dat hy nie daar kon bly nie, tensy hy 'n werkskontrak van sy vorige werkgewer kon verkry; want hy het sy reg om in die gebied te bly, verbeur omdat hy langer as een jaar weg was. Sy vorige werkgewer kon hom nie terugneem nie. Toe wend hy hom tot die Kommissaris van Bantoesake in Kaapstad om hulp, want hy het honger gely. Deur die beamptes is hy egter meegedeel dat dit te laat was om vergoeding te eis vir sy beserings. Eindelik is 'n spoorwegvrypas hom aangebied; maar toe hy daarop wys dat sy kinders honger ly en nie 'n spoorwegvrypas kan eet nie, is hy aangesê om by die Black Sash om hulp te gaan aanklop.

WILLIAM K. het as 'n klein seuntjie na Kraaifontein gekom. Sy ouers is geregistreer in die gebied van die Wellingtonse Streekraad. In 1954 het hy in die gebied van die Kaapstadse Streekraad kom werk. Op 26/7/61 is dit bevind dat hy T.B. opgedoen het. Op 7/8/62 is hy toegelaat tot die Westlake-hospitaal en op 23/2/63 is hy ontslaan. Hy is aangesê om hom vir verdere behandeling aan te meld by die Wellingtonse kliniek. 'n Ongeskiktheidstoelaag is aan hom toegestaan, wat hy by die Wellingtonse landdroskantoor gaan ontvang het. Op 23/4/63 het hy hom aangemeld by Nyanga-Oos in die gebied van die Kaapse Streekraad, en is hy aangesê om sy ou werk terug te kry. Sy vorige werkgewer het toe gesê dat hy met sy dokter in verbinding sou tree om vas te stel of mnr. K. weer gesond was, maar hy het dit nooit gedoen nie. Op 3/6/63 het William hom aangemeld by Nyanga-Oos, aangesien sy dokter aanbeveel het dat hy geskik was vir werk, maar moes voortgaan om behandeling te ontvang by die kliniek.

By die registrasiekantoor van Nyanga-Oos, is hy gearrester en daarvan aangekla dat hy onwettiglik in die gebied was. Hy is gevonnisd tot R10 of 30 dae. Sy ouers het nie geweet wat van hom geword het nie, en het belangstellende blankes genader om hom te help opspoor. Toe hy uiteindelik in die Pollsmoor-tronk gevind is,

het sy ouers sy boete betaal en is hy losgelaat.

Dieselfde blankes wat gehelp het om hom op te spoor, het hom toe geneem na die Departement van Bantoesake, waar hy aangesê is om na Wellington terug te keer. Die beamptes in Wellington het egter geweier om aan hom verblyfsvergunning te verleen aangesien hy een myl buite hulle gebied woon. Daarvandaan is hy na die Paarl, waar daar ook geweier is om hom te ontvang. Eindelik het hy die Streekraad van die Paarl getelefoneer om te sê dat hulle baie jammer was oor al die moeite en ongerief, maar dat nuwe inligting ontvang is en dat hulle mnr. K. se „pas" met een maand sou verleng, hangende die ondersoek.

William woon nou tuis by sy ouers, maar die dreiging hang nog steeds oor sy hoof om na 'n ander gebied weggestuur te word.

ANNA M. met in Oktober 1962 na Kaapstad gekom. In 1961 is sy volgens inheemse gebruik getroud en in Mei 1962 volgens die burgerlike seremonie.

Sy was vier keer gearrester omdat sy onwettiglik in die gebied was. Die eerste 2 keer is sy beboet met R10 en R8. Die derde keer is sy ontslaan. By die vierde geleentheid is regsverdediging vir haar verkry. Nadat haar saak aangehoor is, was die uitspraak van die landdros dat sy wettiglik daarop geregtig was om by haar man te woon, en sy is onskuldig bevind en ontslaan. Hierdie uitspraak is egter alleen verkry nadat Anna baie moei-

likhede, onkoste, spanning en frustrasie te verduur gehad het.

MNR. EN MEV. X. was 'n aange-name jong paartjie, goed opgevoed en beskaaf. Hulle het drie kindertjies gehad, waarvan die jongste slegs 'n paar maande oud was.

Voor haar troue het mev. X. by haar moeder in 'n Bantoe-dorpsgebied, net buite Kaapstad, gewoon. Hoewel die jong eggenoot egter in Kaapstad gewerk het, was hy nie een van dié wat volgens die wet gekwalifiseer het om sy vrou permanent by hom te hê nie, en sy is aangesê om by haar man se vader te gaan woon.

Volgens mnr. X. was sy vader 'n ongeletterde man wat nie die Christelike geloof aangeneem het nie en wat nog op 'n baie primitiewe wyse geleef het. Sy vader en sy vrou het mekaar nog nooit eers ontmoet nie en die deel van die Transkei waar sy vader gewoon het, was vir sy vrou heeltemal onbekend. Mnr. X. het nie geneë gevoel om sy vrou, wat 'n Christin was, goed opgevoed en gewoon aan 'n beskaafde lewenswyse, aan die soort bestaan te onderwerp wat haar lot sou wees as sy weggestuur sou word om by sy vader te gaan woon nie. Terwyl die wet egter is wat dit is en sy vader ook nog gewillig is om mev. X. te ontvang, was sy enigste uitweg om te voorkom dat sy na sy vader gestuur sou word, egskedding; want as hulle geskei was, sou sy vrou weer by haar moeder in Kaapstad kon woon en sou sy nie daaraan onderwerp word om na sy vader „uit-geëndosseer" te word nie.

NASIE (VOLK) EN RAS

PROFESSOR DR. SURJIT SINGH

Deel II

GODS UITVERKORE VOLK EN DIE VEELVOUD VAN NASIES

Die Ou Testament

Dit kan nie betwyfel word dat sowel die Nuwe as die Ou Testament die verskille wat daar tussen die nasies bestaan erken nie. Die Ou Testament bied 'n lys aan van nasies (Gen. 10) selfs vóór die verhaal van die toring van Babel (Gen. 11); die onderliggende veronderstelling van die skrywe moes gewees het dat hierdie verskeidenheid bestaan het selfs vóór die vernietiging van die universele menslike taal.

Die straf wat volg op die bou van die toring het daarin bestaan dat die lede van die verskillende nasies mekaar voortaan nie kon verstaan nie. Dit is nie die verskeidenheid van nasies as sodanig wat die Ou Testament as die gevolg van menslike sonde beskou nie. In elk geval, dit skyn die opvatting te gewees het van diegene wat hierdie ou verhale van die Bybel be-waar het.

Dit stem ook ooreen met Deut. 32 : 8 waar dit gesê word dat „die Allerhoogste aan die nasies 'n erfdeel gegee het, toe Hy die mensekinders van mekaar geskei het" en „die grense van die volke vasgestel" het. Hier het ons alreeds 'n voorweerspieëling van die standpunt van die profete en veral van Deutero-Jesaja, vir wie Jahweh nie slegs die God van Israel is nie maar ook die Skepper van hemel en aarde (Jesaja 40 : 25 en wat daarop volg); gevolglik sê hulle dat God al die nasies regeer (Jer. 10 : 7). Hulle gode is nietige afgode (Jer. 16 : 19) en die nasies self is instrumente van God se toorn (Hosea 10 : 10).

Die Nuwe Testament

In die Nuwe Testament word die verskeidenheid van nasies ewe-eens erken. Dis miskien voldoende om behalwe Hand. 14 : 16 wat hierbo aan-

gehaal is, na Hand. 2 : 9 en wat daarop volg te verwys. Hier word 'n lys gegee van die nasies soos hulle aan die skrywer van dié boek bekend was. Dan ook Hand. 17 : 26 en wat daarop volg: God het „uit een bloed al die nasies van die mensdom gemaak om oor die hele aarde te woon, terwyl Hy vooraf bepaalde tye en die grense van hulle woonplek vasgestel het". Hier word sowel die bestaande verskeidenheid as die gemeenskaplike oorsprong van al die nasies duidelik gestel. Wat ookal die vertolking wat gegee mag word van Romeine 5 : 12 en wat daarop volg, ook hier word die solidariteit van die mens aangegee as 'n vol-donge feit.

Hierdie veronderstelling speel 'n aansienlike rol in Paulus se prediking soos die Brief aan die Romeine duidelik aandui. Die Jode mag sekere voordele oor die heidene hê, maar in die eerste instansie is hulle albei son-daars. Almal het gesondig en skiet te kort aan die heerlikheid van God. Die werke van die wet kan geenene help nie. Dit is deur geloof in die Here Jesus Christus dat heiden sowel as Jood gered kan word.

En tog staan die Nuwe Testament, net soos die Ou Testament, by die basiese verskil tussen hierdie nasies (die heidene) en Gods uitverkore volk, ofskoon, soos ons gesien het, laasgenoemde nie langer beperk is tot die volk Israel „volgens die vlees" nie. Om dit so skerp as moontlik te stel: die kerk kon nie daarop aanspraak maak om die erfgenaam van Israel van ouds te wees nie, die kerk kon nie verkondig dat Jesus die Messias van Israel en van die nasies was nie, alvorens hy nie eers die verskille wat tussen hulle bestaan, erken het nie. Deur Christus word die sonde oorwin en die muur van vervreemding wat die mens van God en sy medemens skei, vernietig. Dan ontstaan die nuwe

skepsel (2 Kor. 5 : 17), die nuwe ras. Maar dit was moontlik slegs as die vervulling van God se beloftes aan hierdie een volk wat Hy uitverkies het. Die voormalige onderskeid is nou oorkom, maar dit beteken nie dat God se beloftes opgehou het om van toepassing te wees op die volk Israel nie. Paulus, wat meer as enige ander apostel die sendingverplichting teenoor die heiden beklemtoon het, kon ook in ewe sterk taal sê: „Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, 'n vervoeking te wees, weg van Christus af. Hulle is Israeliete aan wie die aanne- ming tot kinders behoort en die heer- lijkheid en die wetgewing en die ere- diens en die beloftes; aan wie die va- ders behoort en uit wie die Christus is na die vlees...” (Rom. 9 : 2—5). En al is die Israeliete nou die „vyan- de” van die Evangelie, is die „genade- gawes en die roeping van God onbe- roulik”. „Want God het hulle almal in die ongehoorsaamheid ingesluit om almal barmhartig te kan wees” (Rom. 11 : 28—32).

Hieruit moet ons twee gevolgtrek- kings maak: ten eerste, dat die span- ning tussen Israel en die heidene nou oorkom is in die kerk, die liggaam van Christus: „Daar is nie meer Jood of Griek nie, daar is nie meer slaaf of vryman nie, daar is nie meer man en vrou nie; want julle is almal een in Christus Jesus. En as julle aan Christus behoort, dan is julle die na- geslag van Abraham en volgens die belofte erfgename” (Galate 3 : 28 en 29). In Christus is die mens in sy oorspronklike status herstel. Hy word die *imago Dei*. Dit is reeds 'n werklik- heid, hier en nou, gedurende die aard- se pelgrimstog van die kerk.

Maar ons moet dadelik ons tweede gevolgtrekking byvoeg: dat hierdie be- staande spanninge en verskille tussen Israel en die ander nasies nie finaal verwyder sal word voor die nuwe eeu nie. Dan sal die Israeliete, wat nou ge- skei is van die kerk, Jesus Christus as hulle Messias erken en sy Naam ver- heerlik, tesame met die Christene uit die heidendom. Dit is skynbaar die standpunt van die Nuwe Testament of — miskien mag ons sê — die wyse waarop die vroeë kerk die beloftes van die Ou Testament aan Gods uit- verkore volk verstaan het.

Volgens hierdie standpunt mag ons dan sê dat die kerk, vir sover dit die rassevraagstuk betref, die *arrabôn*, (die onderpand, die „eerste deposi- to...” — 2 Kor. 1 : 22) is van iets wat sy uiteindelijke vervulling slegs in die Eschaton sal vind, in die eeu wat kom. Dit neem geensins die feit weg dat hierdie spanninge reeds op 'n werk- like wyse in die kerk oorkom is nie. Dit is sekerlik nie net 'n „geestelike” eenheid wat hier tot openbaring kom nie, maar veeleer iets sigbaars soos die gemeenskap aan die tafel van die Here en die ander manifestasies in die lewe van die kerk. Maar vir sover Christene lede is van die bestaande wêreld, is die verskil tussen nasies en rasse nog nie oorkom nie, net soos die verskil tussen „man en vrou” nog 'n werklike rol in ons lewe speel.

Hierdie verskille kwyn nie weg nie, maar hulle word nou in 'n nuwe lig gesien. Hulle geldigheid is beperk. Dit is in hierdie stadium dat ons moet poog om die toepaslikheid van die Bybel op die probleme van die volk (nasie) en ras van ons tyd te vind.

Maar voor ons dit doen, moet ons daarop let dat ons tot dusver nie die hoofklem laat val het op die feit dat die Bybel spreek van die gemeenskap- like oorsprong van die hele mensdom nie. Ons het dit gestel as iets wat so- wel in die Ou as in die Nuwe Testa- ment as vanselfsprekend aanvaar word. Daar is ongetwyfeld 'n paar be- langrike gevolgtrekkings wat ons uit hierdie feit kan maak, bv. die leer van die *imago Dei* wat in elke mens eer- biedig moet word afgesien van sy ras, kleur of taal.

Die Bybel glo in hierdie gemeen- skaplike oorsprong van die mens. Die gelykenis van die Barmhartige Sama- ritaan en die voorbeeld van Jesus self toon duidelik hoe ons, as Christene, ons moet gedra teenoor die lede van die ander families van die menslike ras. Ons mag hierdie aspekte van die

Bybel se boodskap nie uit gedagte ver- loor nie.

Hierdie opmerkings lei ons egter nie tot die basiese oplossing van ons probleem soos dit deur die Bybel ge- sien word nie. Die Bybel bevestig die solidariteit van die mensdom in sonde — nie slegs in hul gemeenskaplike oorsprong of in enige positiewe waar- des wat die mens sekerlik het vanweë die feit dat hy na die beeld van God geskape is nie. Hierdie solidariteit in sonde oorskadu, so te sê, die ander solidariteit wat nie ontken word nie, maar wat, om dié rede, nie langer 'n afdoende oplossing kan verskaf nie. Gelukkig eindig die Bybel nie met hierdie negatiewe aspek nie. Dit gaan verder: juis hierdie solidariteit in sonde verskaf terselfdertyd die ge- meenskaplike moontlikheid om gered te word deur Christus. Dit is die werk- like eskatologiese oplossing van ons probleem, soos in die Bybel belowe.

Die toepaslikheid van hierdie Bybelse standpunt op ons hedendaagse vraag- stukke.

Ons mag nou uit bostaande studie 'n paar rigting-gewende beginsels af- lei vir ons hedendaagse Christelike onderrig. Ons is daartoe gelei om die reg van die volk Israel om te staan by hulle nasionale en rasse-integriteit te erken uit gronde van die feit dat hulle Gods uitverkore volk was. Hier- die godsdienstige regverdiging is die enigste een wat op geldigheid aan- spraak kan maak en selfs dit is nog nie die finale woord vir ons as Chris- tene nie.¹⁾ Dit sal gevolglik geheel-en- al sinloos wees vir enige Christen om party passate in die Ou Testament aan te haal om dergelike maatreëls in ons tyd ter verdediging van ander rasse te regverdig. Dit is die fout wat be- gaan is deur die „Die Duitse Christe- ne”, die Nazi-party in die Duitse ker- ke ná 1933. Die gebeure wat daarop gevolg het (die invoering van die „Ariër”-paragraaf in die kerk, ens.) toon duidelik die ernstige gevolge wat die foutiewe toepassing van Bybelse tekste vir die kerk kan inhou. Nêrens onderskryf die Bybel die mite van die „suiwer ras” wat in die gedagtes van sommige mense van ons eeu was en nog is nie.

Indien ons hierdie probleem op 'n Bybelse wyse wil oorweeg, moet ons uit die teenoorgestelde hoek begin. *Aangesien die gode van die nasies „af- gode”, d.w.s. geen gode is nie (Jeremia 16 : 20), het die nasies geen regverdi- ging vir rasse-diskriminasie nie; dit kan tot niks anders as vervreemding van die uitverkore volk, wat nou die Nuwe Israel is, die kerk, lei nie.*

Christene kan dus nie enige beleid wat hierop neerkom ondersteun nie. By hierdie punt staan die toepaslik- heid van die Bybelse boodskap duide- lik uit: ofskoon hedendaagse nasiona- lisme in 'n sin sekulêr is — nie nou verwant aan die gode van die verskil- lende nasionale godsdienste nie — is dit nogtans 'n godsdienstige verskyn- sel aangesien dit vir baie mense 'n plaasvervanger vir godsdiens is. Dit behoort nie moeilik te wees vir Chris- tene van die twintigste eeu om hier- die godsdienstige aspek van heden- daagse nasionalisme aan die kaak te stel nie, soos die profete in Israel ge- doen het.

Die tweede rede vir ons weiering om tot die geledere van nasionalisme toe te tree is dat Christus die einde van die Wet is (Rom. 10 : 4).

Dit is betekenisvol dat Paulus dit sê wanneer hy die rassevraagstuk soos hy dit teengekom het, bespreek. Dit beteken dat ons, as Christene in die twintigste eeu, nie enigiets mag steun wat, uit ons oogpunt beskou, 'n terugkeer na die voor-Christelike hou- ding beteken nie.

Dit alles moes gesê word teen die foutiewe toepassing van die Bybelse leer op ons hedendaagse vraagstukke. Maar wat kan ons aan die positiewe kant sê? Ons probeer om op hierdie vraag te antwoord deur ons materiaal te rangskik ooreenkomstig die „Trini- tere geloof van die kerk”.

Die Bybelse geloof in God, die Skepper van hemel en aarde, lei ons tot die erkenning van die gemeenskap- like oorsprong van alle mense.

In elke mens moet ons die beeld

van God eerbiedig. Ons moet voortdu- rend die menslike hoogmoed in ons, en waar ons dit ookal mag teëkom, weerstaan, asook daardie valse sin van meerwaardigheid wat ons verhin- der om ons medemenslike lief te hê as kinders van God.

Dieselfde geloof lei ons tot die er- kenning van die God-gegewe verskille tussen lede van verskillende rasse en kulture.

Ons behoort nie skaam te wees oor hierdie verskille nie, maar liever God dank dat Hy ons gemaak het soos ons is. Laat ons die gawes wat Hy ge- gee het geniet op die bes moontlike wyse, tot voordeel van die mensdom, waartoe elke volk of nasie 'n besonde- re bydrae kan maak.

Die Bybelse geloof in Jesus Christus voer ons egter verder as dit: hier moet ons 'n broederskap („fellow- ship”) beoefen of openbaar wat al hierdie grense of versperrings te bowe gaan.

Dit is heeltemal onmoontlik vir die kerk om binne sy broederskap („fel- lowship”) enige diskriminasie tussen lede van verskillende rasse te erken.²⁾ Deur die gawe van God het ons reeds hier en nou 'n voorsmaak van daardie werklikheid. Maar as ons na die wê- reld van vandag kyk, dan lyk dit asof die ideaal van die nuwe ras nog ver- van verwesenliking is. Dit bly ons ern- stige Christelike plig om só in die situasie waarin God ons geplaas het te lewe en op te tree dat die valse hoogmoed en meerwaardigheid van ras en nasionale oorsprong uit ons le- wens en ook uit dié van die volke van die wêreld uitgewis mag word, sodat die uitbuiting van die mens deur die mens vir goed mag verdwyn. Dit be- teken dat ons hier en nou in die lig van die ewigheid moet handel en wan- del. Ons pogings mag nie altyd sig- bare vrugte afwerp nie, maar, indien God met ons is, kan ons nooit die neerlaag ly in die lang perspektief van die geskiedenis nie.

Hierdie houding word vir Christe- ne moontlik gemaak omdat ons glo,

in die woorde van die derde artikel van die geloofsbelydenis, in die ewige lewe. Daar sal die verskille tussen die nasies en rasse nie langer bestaan nie.

Hierdie oortuiging het twee gevol- ge, soos ons alreeds aangedui het: ten eerste, ons is vry om op 'n realistiese wyse die moelikhede van hierdie wê- reld die hoof te bied, en, in dié geval, veral die spanninge wat voortdurend tussen volke ontstaan. Hulle het hul oorsprong in die misbruik van die ga- wes van God. Ons moet alles in ons vermoë doen om hulle te oorwin en deur dit te doen neem ons deel aan Christus se versoeningewerk. Ons weet terselfdertyd dat die uiteindelijke oorwinning nie ons s'n sal wees nie, maar slegs dié van God. Ons kyk reik- halsend uit na die dag wanneer 'n groot menigte wat niemand kan tel nie, uit alle nasies en stamme en vol- ke en tale sal staan „voor die troon en voor die Lam” om Hom te prys (Openbaring 7 : 9) — God die Vader, die Seun en die Heilige Gees.

- 1) Ruimte laat ons nie toe om hier in te gaan op die hedendaagse „Joodse pro- bleem as sodanig nie; dit sal 'n eksten- siewe studie vereis oor die betrekking tussen Israel en die kerk.
- 2) In 'n kommentaar wat die skrywer uit Suid-Afrika ontvang het, is daarop ge- wys dat daar 'n onderskeid gemaak moet word tussen die terme „diskrimi- neer tussen” (die erkenning van die verskille tussen mense en groepe) en „diskrimineer teen” ('n nadelige hou- ding teenoor 'n persoon of groep). In- dien terminologie algemeen aangeneem is, dan moet bogenoemde sin lees „... diskriminasie teen...” Dit blyk eg- ter dat in die meeste dele van die wê- reld die term „diskriminasie” altyd 'n nadelige konnotasie het.

* Hierdie artikel is 'n vertaling van die ar- tikel: Nation and Race uit Biblical Autho- rity for Today (S.C.M. Press Limited, Lon- don, 1951). Dr. Singh is Professor in die Teologie, Teologiese Kollege, Saharanpur, Indië.

REORGANISASIE EN UITBREIDING VAN “PRO VERITATE”

Met genoeg kondig die direksie en administrasie van die blad aan dat as gevolg van geslaagde reorganisasiepo- gings ons in staat is om vanaf 1 Julie 1964 die blad aan te bied teen 'n vaste intekening van R1.00 per jaar. Die blad sal ook vanaf 15 Julie in los eksemplare te koop aangebied word by alle hoof verkoopsentra van die Central News Agency en van christelike boekhandels wat bereid is om die diens te verrig, teen 5c per eksemplaar.

Omdat die blad se voortbestaan geheel en al afhanklik is van geldelike skenkinge en gereelde intekening, wil ons weer eens 'n dringende beroep op alle ondersteuners van die blad doen om of deur 'n jaarlikse skenking of deur gereelde intekening die voortbestaan van die blad te verseker.

In ons volgende uitgawe sal ook 'n aankondiging in verband met die uitbreiding van ons redaksie asook ander aspekte van ons uitbreidingsprogram gedoen word.

J. de Bruijn (sekretaris).

REORGANISATION AND DEVELOPMENT OF “PRO VERITATE”

The directors and administration of “Pro Veritate” are pleased to announce that successful arrangements for the reorganisation and development of the paper makes it possible to lower the subscription rates from R2.00 to R1.00 per annum as from the 1st July, 1964. As from the 15th July the paper will also be obtainable at 5c a copy from the main centres of the Central News Agency and christian bookshops who are prepared to assist us.

Because the paper is completely dependant on donations and regular subscriptions we wish to appeal to you to seriously consider contributing towards its continued existence and development either by means of a regular yearly donation or by becoming a subscriber.

In our next issue we will announce further details concerning the Editorial Board and other aspects of the re-organizational programme.

J. de Bruijn (secretary).